

## **SKRIFLESING**

Numeri 21:1-9 en Johannes 3:14-21

## **PREEK**

**Tema:** Kyk op en leef

Hier is vanoggend drie en twintig jongmense wat belydenis van geloof aflê. Ek het die voorreg gehad om twee en twintig van hierdie jongmense hierdie jaar in die belydenisklas te kon hê. Petrus het sy finalejaar kategese in Paarl Vallei gemeente gedoen.

Hierdie is drie en twintig kinders van die Here. Watter raad het ek of, baie belangriker, watter raad het God vir julle vir die toekoms? Net dit: Bly glo in die Here.

Israel was ongehoorsaam aan die Here en Hy het hulle gestraf. Vir 40 jaar swerf hulle in die woestyn rond. Hulle bly ongehoorsaam. Hulle kies telkens teen God en vir sonde en daarom gaan dit swaar met hulle. Ons het geles dat 'n klomp van hulle gevange geneem is.

In Num 21 is hulle in opstand teen die Here en baie van hulle sterf.

Daar is vandag steeds baie mense wat kies om in die duisternis van sonde te lewe. Hulle kies om nie in Christus te glo nie. Hulle draai hul rug op Hom en word veroordeel.

Hoe ons ookal daarna kyk: dit maak op geen manier sin om jou lewenspad sonder die Here te loop nie. Dit is om te kies om in 'n verloopspan te speel. Nie een van ons wil dit doen nie. Dit is 'n dom keuse.

Daarom: Bly glo in die Here. Kyk op en leef in totale afhanlikheid van Hom.

Ons lees in Deut 14 dat die Israeliete vroeër op Gorma deur die Kanaaniete verslaan is toe hulle sonder God wou gaan veg. Wanneer jy sonder die Here probeer klaarkom, gaan jy nie ver kom nie.

As die volk later op dieselfde plek hulle toevlug tot die Here neem en alles in Sy hande laat, gee Hy die Kanaaniete in hul mag oor.

Kom ons kies die Here en bely vanoggend opnuut saam met die Israeliete en die skrywer van Psalm 20:8: "Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God."

Wanneer jy jou lewe aan die Here oorgee en in afhanklikheid van Hom leef, seën Hy vir jou. Jy ontvang al die geskenke wat Hy aan jou in sy Seun wil gee.

### **1. Hy gee vir jou die ewige lewe as geskenk.**

Baie naby aan die einde van hul woestynreis kla Israel: "Is ons in die woestyn om te sterwe?" Maar God is nie 'n God van sterwe nie, Hy is 'n God van lewe. God gee lewe. Elkeen wat na die koperslang opkyk, kry lewe.

Ons lees in Joh 3:17 uit die Boodskap: "God het nie sy Seun na hierdie wêreld toe gestuur om net vir almal te kom sê hoe sleg hulle is nie. Nee, Hy het Hom gestuur sodat mense wat sleg was weer by God kon uitkom."

In Joh 3:15 en 16 lees ons dat elkeen wat in die Seun glo, die ewige lewe het.

Hierdie ewige lewe begin nie eers eendag as ons sterf nie. Dit begin nou. Die ewige lewe is die ware lewe in Christus, nou en hierna. Hy gee vir ons dié ewige lewe as geskenk.

Ons lees van nog 'n geskenk wat Hy vir ons gee:

## **2. Hy vergewe ons sonde.**

Dit is nie dat die volk nie kos het nie. Hulle is uitgeëet aan hulle kos. Daarom kla hulle. Eintlik kla hulle oor God se teenwoordigheid en sorg. Die volk sondig en God straf hulle.

Toe die volk hulle sonde en opstand bely, gee God vir Moses opdrag om 'n slang teen 'n paal op te sit. Elkeen wat gepik is, moet 'n keuse maak tussen sterwe of lewe. As jy opkyk na die slang en jou hoop op die Here vestig, is jou lewe gespaar.

Ons skud ons koppe vir die klomp Israeliete. Hulle wil net nie leer nie. Maar ek en jy worstel vandag steeds ook maar met sonde. Hoe word ons verlos?

God stuur sy Seun. Hy neem ons sonde en sondestraf op Hom. Hy sterf in ons plek aan 'n paal. Die kruis is die teken van sy marteling, lyding en dood en die teken van ons lewe.

As ek en jy in geloof opkyk na die Here en Sy leë kruis, vergewe Hy ons sonde. Een van die maniere hoe die duiwel verhinder dat ons voluit vir die Here lewe, is om ons te herinner dat ons 'n sondige mens is.

In ons gesprekke het ek gehoor dat van julle nog sukkel met sonde. As ek vra hoe dit met julle verhouding met die Here gaan, het julle baiekeer gesê: "dit goed gaan, maar ons worstel nog met sonde. Ons probeer ons bes om dit nie te doen nie."

Dit is baie belangrik dat ons weet dat ons nie maar net sondige mense is nie, ons is verlore mense. Ons is nie verlore sondaars nie, ons is verlore sondaars en daar is 'n reuse verskil tussen hierdie twee.

Ons almal worstel met sonde, maar onthou dat God ons daarvan wil ons verlos. Hy wil ons sonde vergewe, daarom is Jesus aan 'n houtpaal geslaan. As ons opkyk na die kruis, verlos Hy ons en vergewe Hy ons sonde.

Ek lees die afgelope week hierdie verhaal wat Sy vergifnis so mooi illustreer:

'n Priester hoor eendag van 'n vrou wat beweer dat God met haar gepraat het. Hy was baie skepties en besluit om haar aanspraak te toets. Hy gaan na haar toe en sê: "Jy beweer mos dat God soms met jou praat. As Hy dit nou weer doen, vra Hom 'n bietjie om my geheime sonde, waarvoor ek natuurlik vergifnis gevra het, aan jou bekend te maak."

Só, dink die priester, sal ek die ou vrou se leuen kan ontmasker. 'n Ruk later gaan die priester terug na die ou dame en vra half smalend: "Het jy toe vir God gevra om jou van my geheime sonde te vertel?"

"Ja, ek het."

Die priester skrik. Sê nou die vrou praat die waarheid? Wat sal die gemeente van hom dink as sy hulle moet vertel wat hy gedoen het?

"En wat het Hy toe gesê?" vra hy huiwerig.

"God het net gesê: "Watter sonde? Sê vir die priester sonde wat Ek vergewe het, vergeet Ek."

Dit is hoe God se vergifnis werk.

Ons mag die vergifnis van sonde en die nuwe lewe wat die Here vir ons gee, nooit as vanselfsprekend aanvaar nie.

Kan jy dink hoe dankbaar was 'n Israeliet wat sterwend was omdat hy of sy deur 'n dodelike slang gepik is en hulle opkyk na die paal en hulle lewens gespaar word.

Dieselfde was waar van ons. Ons was sterwend, gepik deur sonde. Maar wanneer ons in geloof opkyk na die kruis, spaar die Here ons lewe.

Uit dankbaarheid vir die lewe wat God jou gee en vir die vergifnis van jou sonde, gaan leef jou geloof in dade van gehoorsaamheid. Gaan leef in Sy lig. Laat almal sien dat God aan jou kant en jy aan Sy kant is.

Jongmense, vir die pad wat voorlê, bly glo in die Here. Kyk op na die kruis en weet: Die Here gee vir jou die ewige lewe. Neem dit. Jou sonde is vergewe. Leef dit.

**Amen**